PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

WETSONTWERP OP PADONGELUKKEVOORDEELSKEMA (POVS) [B 17 – 2017]
Uitnodiging vir openbare voorleggings

Die Portefeuljekomitee op Vervoer nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar voor te lê oor die Wetsontwerp op die Padongelukkevoordeelskema (POVS) [B 17 – 2017].

Die Wetsontwerp is daarop gerig:

- om voorsiening te maak vir 'n maatskaplike sekerheidskema betreffende die slagoffers van padongelukke;
- om die Administrateur vir Padongelukkevoordele in die lewe te roep om die skema te administreer en in werking te stel;
- om 'n stel gedefinieerde voordele op 'n geenfoutgrondslag beskikbaar te stel aan persone betreffende liggamlike besering of dood wat deur padongelukke veroorsaak is of as gevolg daarvan ontstaan het;
- om die aanspreeklikheid van sekere persone uit te sluit wat andersins ingevolge die gemenereg vir skade aanspreeklik gehou sou word; en
- om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Navrae, asook skriftelike voorleggings, kan gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Vervoer vir aandag **Valerie Carelse,** 3de Verdieping, W/s 3/79, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8001, of per e-pos gestuur word na **vcarelse@parliament.gov.za.** Benewens die skriftelike kommentaar moet jy ook jou belangstelling aandui indien jy 'n mondelinge voorlegging aan die Komitee wil rig.

Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings is 30 November 2017.

Kopieë van die Wetsontwerp is verkrygbaar van **Valerie Carelse** by tel: **021-403 3272,** selnr **083 709 8445** of **www.parliament.gov.za.**

Uitgereik deur me D P Magadzi, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Vervoer.